# Inhoud

## Kwartaal 1: Week 6 tot 10


**Storie 1:**

Juffrou Fortuin ..................... 2





**Storie 2:**

Die advertensie ..................... 9





**Storie 3:**

Akker Rakker die eekhoring .. 17




# Juffrou Fortuin



Dit is winter in die Noord-Kaap.
Die sneeu lê op die berge.
Daar lê ook sneeu op die sportvelde.
Die mense op die dorpie maak vuur om warm te bly.






Elsie en Paul is niggie en neef.
Hulle is in juffrou Fortuin se klas.
Juffrou Fortuin is gaaf en sy is hulle rolmodel.
"Kom maak julle hande warm," sê juffrou Fortuin.
Juffrou leer hulle oor die vier seisoene: lente, somer, herfs en winter.





Die klok lui vir pouse. Die kinders baljaar in die sneeu.
Elsie bibber van die koue en Paul gee vir haar ’n toebroodjie.
Dis koud buite en hulle verkies om in die klas te bly.
Ná pouse kry almal in die klas ’n beker warm sjokolade.




Elsie en Paul help graag vir Juffrou.
Paul tel al die rommel in die klas op.
Elsie vee die bord af.
“Dankie, julle twee,” sê Juffrou bly.
Skielik lui die skoolklok hard en skril.




Elsie en Paul wil nie huis toe gaan nie.
“Wat is fout?” vra jufrrou Fortuin.
Elsie kyk af en vryf haar hande.
“Dit is lekker warm in die klas,” sê Paul saggies.
Juffrou Fortuin probeer aan ’n plan dink.
“Kom dra my boeke, asseblief,” sê sy.





Elsie en Paul se lippe bewe van die koue.
Die sakke vol boeke is swaar.
Juffrou Fortuin maak haar motordeur oop.
Sy sê: “Kyk in die sak daar op die sitplek.
Daar is ’n geskenk vir julle.”
Elsie en Paul kyk verbaas na mekaar.



In die sak lê warm musse en handskoene!
Juffrou sê: "Dankie dat julle my altyd so mooi help."
En voeg trots by: "Ek het dit self gebrei."
Paul en Elsie lag en gee vir juffrou Fortuin 'n drukkie.

**Vrae:**

1. Wat is jou gunstelingseisoen? Hoekom?
2. Hoe help Paul en Elsie vir Juffrou in die klas?
3. In watter provinsie bly Paul en Elsie?

# Die advertensie




Emma sit met haar voete in die sloot.
Skielik is daar ’n sagte geluid: “Miaau.”
Hoor ek reg? wonder Emma.
Sy sien ’n klein gemmerkat in die sloot.
“Hier, kietsie-kietsie-kietsie!” roep Emma die katjie nader.





Die katjie bewe en is baie maer.
Emma gaan haal ’n bakkie melk.
Die katjie kom nuuskierig nader.
Die katjie begin gulsig drink.
Sy wil dit nie sê nie, maar die katjie ruik sleg!